# BIArchHons Interieurontwerp (12242007)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |
| **Kontak** | Prof BP Jekot barbara.jekot@up.ac.za +27 (0)124204052 |

## Toelatingsvereistes

’n Kandidaat vir die graadprogram Baccalaureus Honores in Binne-argitektuur:

(1) moet ’n gegradueerde met ’n BScInt of ekwivalente universiteitsgraad wees;

**of**

(2) moet oor ’n toepaslike erkende tersiêre kwalifikasie beskik.

Daar mag deur die Departementshoof van sodanige kandidaat vereis word om:

(i) ’n akademiese geletterdheidstoets af te lê

(ii) ’n rekenaarvaardigheidstoets af te lê

**of**

(3) moet oor ’n kwalifikasie beskik wat deur die Departementshoof in oorleg-pleging met die Dekaan as voldoende beskou word en (waar nodig) die toestemming van die Senaat verkry en enige ander voorvereistes nakom.

Daar kan van kandidate genoem in (2) en (3) hierbo na die diskresie van die Departementshoof vereis word om in voorvereiste kennisvelde geëvalueer te word en/of vir addisionele modules vir niegraaddoeleindes te registreer.

Kandidate genoem in (1) (2) en (3) hierbo:

(i) moet verkieslik oor praktiese ondervinding beskik en/of ’n uitgebreide studiereis onderneem en gedokumenteer het;

(ii) word aan ’n onderhoud vir keuring onderwerp;

(iii) moet ’n portefeulje en/of ontwerpjoernaal voorlê wat die vereiste vlak van vaardigheid en bevoegdheid demonstreer en wat as ’n rekord van sodanige kandidaat se ondervinding in die dissipline beskou kan word;

(iv) word volgens meriete gekeur.

**Let wel:** ’n Beperkte aantal kandidate word tot hierdie program toegelaat.

## Ander programspesifieke inligting

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29 en G.54.

Die graad word toegeken aan daardie kandidate wat die voorgeskrewe krediete behaal het. Studente wat op

voorwaardes toegelaat is, moet daaraan voldoen voordat die volle 700-reeks modulekrediete en die graad toegeken word.

## Eksamens en slaagvereistes

Die minimum slaagpunt is 50%. ’n Minimum van 40% word in die eksamen vereis, met ’n minimum finale punt van 50% om te slaag. Indien die module nie geëksamineer word nie, word ’n minimum slaagpunt van 50% vir kursuswerk vereis. Indien kursuswerk nie geëvalueer word nie, word ’n minimum slaagpunt van 50% in die eksamen vereis.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken indien studente wat vir die graad vir die eerste keer geregistreer is, die graad binne die voorgeskrewe minimum tyd voltooi en alle modules slaag met ’n geweegde gemiddelde van 75%.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

Voortgesette praktykontwikkeling 710 (CPD 710) - Krediete: 6.00
Voortgesette praktykontwikkeling 720 (CPD 720) - Krediete: 6.00
Voortgesette praktykontwikkeling 730 (CPD 730) - Krediete: 6.00
Voortgesette praktykontwikkeling 740 (CPD 740) - Krediete: 6.00
Navorsingsprojek 713 (RFP 713) - Krediete: 16.00
Navorsingsprojek 723 (RFP 723) - Krediete: 16.00
Navorsingsprojek 730 (RFP 730) - Krediete: 16.00
Navorsingsprojek 733 (RFP 733) - Krediete: 16.00
Teoretiese komponent 730 (RFS 730) - Krediete: 32.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.